# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/13)

*Justin Chadwick (14 June 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "Convictions are more dangerous enemies of truth than lies." Friedrich Wilhelm Nietzsche, philosopher (1844-1900)*

## ARBEID

Hierdie week was ek gelukkig genoeg om 'n "Job Imbizo" wat deur die Nasionale Beplanningskommissie gereël is, by te woon. Die doel van die Imbizo was om die gesondheid van die landbou-sektor te evalueer en te bepaal hoe landbou die ambisieuse teiken kan bereik om 1 miljoen nuwe werksgeleenthede te skep. Ek was bevoorreg om skouers te skuur met van die grootste produsente van verskeie landbou-sektore en na hul insette te luister. Na my blootstelling in die verlede aan al die negatiewe opmerkings met betrekking tot die verhoging van die minimum lone (en daar was baie) was dit verfrissend om positiewe kommentaar te hoor. Een opmerking was dat produsente dikwels "arbeid verkwis" het – arbeid was goedkoop en daarom was indiensneming sonder in agneming van produktiwiteit, die minimum lone beteken dat produsente nou hieraan aandag gee en die arbeid van dié wat hul in diens neem waardeer. Nog 'n positief is dat die gaping tussen bedrae wat as toelae betaal word en die minimum loon nou groot genoeg is sodat mense aangespoor kan word om te werk. Die die minimum loon is nou op 'n vlak waar die werkers nie hul werk wil verloor nie – hul waardeer die geleentheid om 'n werk te hê en daarom werk hul harder sodat hul hul werke kan behou; afwesigheid is minder om dieselfde rede. 'n Verfrissende siening inderdaad.

Volgens BFAP het die sitrusbedryf die hoogste salarisrekening in landbou (R1.2 biljoen) – gevolg deur (in volgorde) suiker, tafeldruiwe, appels en wyndruiwe. Die sitrusbedryf het sowat 10% van landbou-arbeid in diens (630 000). Dit gaan waarskynlik nie verander nie – daar mag diegene wees wat meer gaan meganiseer in die pakhuis, hantering of storing, maar die beste manier om te oes, is met die hand.

Die sitrusbedryf het potensiaal om te groei – waar grond en water nie 'n beperking is nie. Produksie kan toeneem – die bykomende beperking is om voldoende markte te hê om die addisionele vrugte te absorbeer (hetsy deur **V**erkryging van nuwe markte, **B**ehoud van bestaande markte of **V**erbetering van bestaande markte). Dit beteken dat die bedryf die potensiaal het om 'n vennootskap met die regering te vorm om die doelwitte van die land te bereik, die regering se rol is om marktoegang te **VBV**.

'n Ander interessante opmerking is dat landbou te klein is om die volle las van landelike werkloosheid en armoede te dra. Met die beste wil in die wêreld (en glo my daar is baie welwillendheid in die landbou-sektor) is die taak net te groot. n Staats-privaat vennootskap kan EGTER die hele sektor ophef en 'n beter lewe vir almal beteken. Die vrugtebedrywe werk aan 'n "Social Compact" wat die rolle en verantwoordelikhede van regering, bedryf en arbeid (gemeenskap) sal aandui om by daardie beter lewe vir almal in die landelike gemeenskap uit te kom. Bedryfs-deelname is deur middel van Fruit South Africa.

Baie tyd is aan ontwikkeling van vaardighede bestee – en inderwaarheid sal die volgende Imbizo waarskynlik in geheel op hierdie onderwerp fokus. Die sitrusbedryf is goed geplaas ten opsigte van die ontwikkeling van vaardighede – met 'n R1 miljoen + beursfonds (hoofsaaklik deur die Citrus Industry Trust befonds en bestuur deur die Sitrus Akademie), uitgebreide beskikbaarheid van opleidingsmateriaal, leierskapsprogramme en internskappe (om net 'n paar te noem); die bedryf het die middele om 'n konstante voorsiening van toepaslike opgeleide mense te verseker. Ek wil belanghebbendes van die bedryf aanmoedig om met die Sitrus Akademie te skakel oor watter vaardighede benodig word; en om te bepaal hoe hul 'n rol kan speel in die versekering dat die bedryf kompeterend bly.

## CITRUS BLACK SPOT

Sitrusuitvoere na die EU was in die "nuus" in die media hierdie week omdat kommentaar van Ambassadeur Nkosi omtrent die EU se standpunt oor Suid-Afrikaanse invoere die aandag van die pers gevang het. In 'n voortgesette poging om alle belanghebbendes bloot te stel aan die uitgebreide werk wat deur die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf en owerhede gedoen is, is die CBS Bulletin 3 hierdie week gesirkuleer. Die Bulletin verduidelik as volg: *Die direkte koste van swamdoders (uitsluitende toedieningskoste) wat deur Suid-Afrikaanse sitrus produsente gebruik word om CBS as 'n kwarantynplaag te beheer is ongeveer 300 miljoen Rand per jaar, met ongewenste impak op die omgewing, ontwrigting van Geïntegreerde Plaagbestuur en gevolglike residue. Die intensiteit van die swamdoder bespuitings wat benodig word om CBS as 'n kosmetiese plaag te beheer sal ongeveer 'n 1/3 wees van dit wat benodig word vir fitosanitêre beheer.*

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 24 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 9.7 m | 8.9 m | 12 m | 7.7 m | 8.6 m | 15 m | 15.9 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 4.6 m | 4.5 m | 4.4 m | 3.8 m | 3.6 m | 8.2 m | 8.2 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 4.7 m | 4.4 m | 5.9 m | 4 m | 5 m | 11.1 m | 10.3 m | 10.5 m |
| Nawels | 8.7 m | 9.2 m | 8.2 m | 5.6 m | 4 m | 24.9 m | 24.6 m | 24.6 m |
| Valencias | 0.9 m | 1 m | 0.8 m | 0.4 m | 0.2 m | 47.7 m | 47.7 m | 47.2 m |
| | 28.6 m | 28 m | 31.3 m | 21.5 m | 21.4 m | 106.8 m | 106.7 m | 103 m |
| | | | | | | | | |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**